Januarie 2023

# DIENSNUUS

Ons gee God se hoop en liefde aan

## Sondag 26/2

Lydenstyd

09:30 Erediens/Kategese

Deuroffer: Plaaslike Jeugwerk

Diensbeurt : Konstitusie straat

## Sondag 5/3

Lydenstyd

DANKOFFERSONDAG

09:30 Erediens / Kategese

Deuroffer: Teologiese Kweekskool

Diensbeurt: Meulstraat

## NG Moedergemeente Basaar



Kom kuier saam Vanaf 09:00

Kindervermaak

Tombola

witolifant tafel

Vleistafel, jaffels, Pannekoek,
Tuisgebak en vele meer!

## Benguela Cove uitstappie

Op Saterdag 11 Februarie, het ons met die bussie Benguel Cove toe gery, baie ouers het op hulle eie gery en ons sommer daar gekry.

Groot was die teleurstelling, die waterwerke van splash world was buitewerking,want die pomp het onverwags gebreek het.

Ons het wel die beste van die saak gemaak en gespeel in die putt-putt se waterpoele en paddavissies gevang en goud gesoek!

Ons het heerlik geëet, en onder die bome gesit vir koelte. Almal het putt-putt gespeel.

Dit was 'n baie lekker uitstappie gewees.



# Wortelgat kamp Grd 4-7 17 – 19 Februarie

Ons het Vrydag weggetrek by die kerk, in die reën,  met 2 bussie vol opgewonde kinders.

Aangekom by die kamp het ons kamers gekry en ingesettle, ons het 2 wonderlike fasiliteerders gehad wat ons sommer baie gemaklik gemaak het. Pinkie het ‘n ysbreker gedoen met die kinders in die saal en gou het almal gelag en was almal gemaklik met mekaar.

Saterdagoggend het die dag mooi gebreek en beloof om ’n sonnige dag te wees. Na ’n heerlike ontbyt het ons geleer van Elia en dat God ‘n “onrein” dier, die kraai gestuur het om vir Elia te sorg. Google en Pinkie het die kinders in 2 groepe verdeel, en die dag se aktiwiteite het begin, spanwerk was aan orde van dag, en moes hulle die span van “Tafelberg” af kry en uit ‘n “brandende huis” Dit was groot pret.

Na ’n heerlike middag ete van hoenderfillet burgers, het die groepe weer gaan Kajak en Muurklim. Dit was ’n groot uitdaging vir meeste en het baie selfvertroue gekort om daardie muur uit te klim. Ons het gaan swem in die meer en Waatlemoen geeet.Saterdagaand het ons om die kampvuur gesing en “smores” gemaak.Deurlopend het Ds. Willem vrae geantwoord wat die kinders op papiertjies geskryf het en waaroor hulle wonder.



Sondagoggend het ons geswem en ’n heerlike brunch gehad waarna ons weer teen 12:00 die bussies gepak het en huis toe gekom het.

Baie dankie aan Tannie Marlene en oom Piet wat die bussies vir ons gery het, en hulle tyd opoffer om ons veilig by ons bestemming te kry.Dankie aan die Dienssentrum en Laerskool Overberg wat hulle bussies aan ons beskikbaar stel, sonder hulle hulp sou dit nie moontlik gewees het nie.






| Naam | Van | Verjaardag |
|---|---|---|
| Lorraine | Gericke | 02/24 |
| Henriëtte | Ludik | 02/24 |
| Janse | Norval | 02/24 |
| Amanda | Stevens | 02/24 |
| Melan | Swart | 02/24 |
| Jurie | Beukes | 02/25 |
| Jacques | Crocker | 02/25 |
| Alfred | Dowling | 02/25 |
| Jan | Blom | 02/26 |
| Susan | Burger | 02/26 |
| DC | Du Toit | 02/26 |
| Hugo | Eksteen | 02/26 |
| Danie | Gunter | 02/26 |
| Hadre | Van Deventer | 02/26 |
| Jacomina | Kellerman | 02/27 |
| Sally | Nel | 02/27 |
| Carien | De Beer | 02/28 |
| Joan | Delport | 02/28 |
| Sanet | Erasmus | 02/28 |
| JC | Fourie | 02/28 |
| Alzette | Ellis | 03/01 |
| Christiaan | Van der Westhuizen | 03/01 |
| Anel | Fick | 03/02 |
| Hugo | Kriel | 03/02 |
| Dawid | van der Merwe | 03/02 |
| Fritz | De La Harpe | 03/03 |
| Marius | Olivier | 03/03 |
| Johan | Groenewald | 03/04 |
| Daphne | Hoffman | 03/04 |
| Yolandè | Marais | 03/04 |
| Jan | Nigrini | 03/04 |
| Marianne | Smith | 03/04 |
| Wehan | Swart | 03/04 |
| Adriaan | Van der Westhuizen | 03/04 |
| Jean | Van Niekerk | 03/04 |








# Preeknotas 26 Februarie 2023

Jesaja 7:1-17 God sal die gelowiges red

Hierdie gedeelte speel af teen die donker agtergrond van die volk van God se morele en sosiale verval.  Die volk het al hoe meer afgedwaal van God se voorskrifte en Sy wil.  Hulle het al meer afgode begin dien en hulle eie koninkryk gebou weg van God se ritmes en waardes.  Jesaja kom oordeel die volk en bring die boodskap van hoop dat God die wat in geloof bly vashou aan God gered sal word uit die vuuroond van oordeel.

Ware vryheid is eers beskikbaar as jy jou eie behoeftes en begeertes laat gaan.Die vyand wil jou vernietig, maar God wil jou beskerm.Vertrou God en leef... vertrou jouself en die gevolg is katastrofies.
Ons hou vas aan God se beloftes en Jesus se verlossing.



**NG Kerk in SA**

**PSD: KERKLIKE OPLEIDING**

**(Standplaas: Stellenbosch)**

Die Sinode van die NG Kerk in Suid-Afrika (Wes-Kaapland) maak die vakature vir ’n *Predikant in Sinodale Diens (PSD): Kerklike Opleiding* bekend en nooi alle belangstellendes wat daartoe geroepe voel en aan die vereistes voldoen, om hulle vir hierdie pos beskikbaar te stel.

**Die PSD: Kerklike Opleiding is verantwoordelik vir:**

• Kerklike opleiding en vorming van alle voornemende gemeenteleraars, diensleraars en standplaasleraars, asook die voortgesette bedieningsontwikkeling (VBO) van alle leraars.
• Die verdieping en ontwikkeling van kerklike opleiding vir ’n veranderende en diverse konteks.
• Oorsig oor die aanmelding, keuring en begeleiding van voornemende teologiese studente vir die verskillende opleidingsbane.
• Die bestuur van die Seminarium as ’n platform vir die holistiese vorming van teologiese studente.

**Die aard van die pos behels dat die aansoeker aan die volgende vereistes moet voldoen:**

• ’n Gelegitimeerde van die NG Kerk wees.
• Teologies goed gefundeer wees (’n PhD in teologie sal as aanbeveling dien).
• Bewese ondervinding van gemeentebediening moet hê.
• Oor ’n goeie VBO-rekord beskik.

**Die PSD moet ook oor die volgende insigte, vaardighede en ervaring beskik:**

• Die belangrikheid van akademiese kennis en navorsing, persoonlike ontwikkeling en geloofsvorming vir die toerusting van bedienaars verstaan.
• Studente kan begelei in geloofsontwikkeling, die vorming van gesonde geloofsgewoontes en die dinamiese aard van hulle roeping.
• Oor genoegsame ervaring en vaardighede beskik om leierskap te verleen ten opsigte van die voortgesette opleiding en ontwikkeling van alle leraars.
• Mense laat tuis en veilig voel en pastorale sensitiwiteit uitstraal.
• Netwerke kan skep, insluitende ekumeniese netwerke.
• Oor goeie kommunikasie- en fasiliteringsvaardighede beskik.
• As leier binne kerklike strukture kan funksioneer.

**Hoe werk die aansoekproses?**

Kandidate word versoek om die volgende dokumente in hul aansoek in te sluit:

• **Aansoekvorm** kan afgelaai word by https://www.kaapkerkadmin.co.za/poste/
• Aansoekbrief
• Curriculum Vitae met relevante bedieningsinligting met betrekking tot die pos (maksimum 2 bladsye).
• ’n Bondige voorlegging van twee bladsye waarin die kandidaat sy/haar visie vir die pos van PSD: Kerklike Opleiding verduidelik.

Alle aansoeke word elektronies gerig aan Elmien Theron by ngkadmin@kaapkerk.co.za

Sperdatum vir aansoeke: **3 Maart 2023 om 13:00**

Vergoedingspakket: Volgens sinodale riglyne

Persoonlike navrae: **Ds Peet Bester (voorsitter: Kuratorium)** | **084 583 3454** | **peet@ngkfranschhoek.co.za**

## SO HOU ONS KONTAK!

**Kerkkantoor**: 028 212 1202
ngkcaledon@twk.co.za

**Kantoor** Whatsapp-nommer:
072 807 3192

**Ds. Dewald du Toit**:
028 212 1332 |082 940 4901
dutoitdewald@yahoo.com

**Ds. Willem Lubbe:**
082 718 7298
willemlubbe@hotmail.com

Snap here to pay
SnapScan

**Webblad:** ngcaledon.co.za

**Facebook**: NG Kerk Caledon Moedergemeente

**Bankbesonderhede:** N.G. Kerk Caledon,
NEDBANK Tjekrek: 1835 010 229
Takkode: 183509

